

Sing vooraf staande: Psalm 89:6, 7 (p. 445)

- 6 Hoe salig is die volk wat luister na u woord, / hul wandel in die lig wat van U afstraal, voort.
Hul sal hul in u diens, waaraan hul toegewy is, / die ganse dag verheug, omdat hul in U bly is;
hul prys u grote krag wat alle krag oortref het, / en u geregtigheid wat hul weer opgehef het.
- 7 U tog, U is hul roem, hul sieraad en hul prag, / wat hul beklee met sterkte en onverwinb're mag.
Uit vrye guns alleen, uit ewige mededoë, / hef ons die hoof omhoog, weer sterk deur Gods vermoë.
Want God is ons 'n skild, die weerkrag van ons lewe; / en onse Koning is deur Isr'els God gegewe.

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

Amen.

Loflied: Psalm 33:1, 3 (p. 157)

- 1 Sing vrolik, hef die stem na bowe; / regverdiges, verhef die HEER!
Dit pas opregtes God te lowe / en uit te jubel tot sy eer.
Laat die psalmgesange – / stem van sterk verlange / om die HEER te dank –
by die smeltendskone / harp- en sitertone, / liefde en lof verklank!
- 3 Hy min die reg in alle dinge, / want enkel waar en reg is Hy;
tot by die aard' se verste kringe / sien ons sy goedheid uitgesprei.
In sy alvermoë / het Hy hemelboë / deur sy woord gestig;
deur sy Gees 'n ganse / leërskaar van glanse / skitt'rend aan laat lig

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 25:2, 6 (p. 115)

- 2 Leer my, HEER, u regte weë, / wys die regte pad my aan;
maak my hart daartoe geneë, / om met lus daarop te gaan.
Wil my deur u waarheid leer, / lei my dwalende gedagte;
want u is my heil, o HEER! / U is ek altyd te wagte.
- 6 Wie's die man wat hier benede / in Gods vrees sy weg wil gaan?
God sal self sy wank'le skrede / voortlei in die regte baan.
Al wat goed is, sal Gods hand / hom in stilheid laat verwerwe;
en die lank beloofde land / sal sy nageslag beërwe.

Gebed

Psalm 29:1, 3 (p. 135)

- 1 Eng'lemagte, loof die HEER, / gee die HERE sterkte en eer!
Al die duisende tesaam – / sing die ere van sy Naam!
Eng'le, trone, heerskappye – / laat dit opklink uit jul rye!
Dien God, groot deur almagsdade, / in die skoonste feesgewade!
- 3 Dis die HEER se stem wat spreek / as die trotse seders breek;
as hul spring soos kalwers op / Libanon se hoë top.
Berge kom saam in beroering: / Sirjon spring van skrikvervoering,
Libanon, met sederbosse, / huppel soos die wilde osse.

Skriflesing: Jesaja 55:8-11; Lukas 1:26-38

Kernverse: Lukas 1:34-37

Toe sê Maria vir die engel: Hoe kan dit wees aangesien ek geen man het nie? En die engel antwoord en sê vir haar: Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu. Daarom sal ook die Heilige wat gebore word, Seun van God genoem word. En kyk, Elisabet, jou bloedverwant, het self ook 'n seun ontvang in haar ouderdom, en hierdie maand is die sesde vir haar wat onvrugbaar genoem is. Want geen ding sal by God onmoontlik wees nie. (Lukas 1:34-37 AFR53)

Tema: Elke woord van God is kragtig lewewekkend

Geliefdes van ons Here Jesus Christus, anders as by die aankondiging van Johannes die Doper se geboorte word die geboorte van Jesus die Messias nie net een maal aangekondig nie maar drie maal. Die eerste aankondiging van sy geboorte is aan Maria die jong, ongetroude meisie in Nasaret wat op die punt staan om met Josef te trou. Hierna word sy geboorte nog een maal deur 'n engel van die Here in 'n droom aan Josef aangekondig en eers daarna deur 'n mens – eers deur die ongeboore Johannes en dan deur sy Geesvervulde ma, Elisabet.

Drie is in die Bybel een van die getalle van volledigheid. Hierdie goeie nuus is so groot en so omvangryk dat die Here dit nie net een maal aan sy mense bekend wil maak nie, maar drie maal. Daar mag nooit enige twyfel wees dat die Verlosser wat eeue lank al beloof is nou gebore gaan word nie. Die feit dat elke aankondiging deur die Here se gestuurdes gedoen word, twee keer deur engele en dan deur 'n mens wat deur die Heilige Gees daartoe gedryf is, laat 'n mens besef dat hierdie goeie nuus inderdaad van Bo kom, van God die ewige Vader. Want hierdie boodskap is 'n boodskap wat beslis nie in die gedagte van enige mens opgekom het nie. Wie sou ooit kon dink dat die Koning van die konings en die Here van die here in sulke uiterste nederigheid na hierdie wêreld sou kom.

Trouens, die wêreldomstandighede het in die tyd van die aankondiging van Jesus se geboorte alles behalwe goeie nuus voorspel. Die volk van God se diens aan Hom was verval. Die Fariseërs en skrifgeleerdes het van die Here se wet gebod op gebod gemaak – reëls wat mense moes nakom om kwansuis die ewige lewe te beërwe, en dan het die leiers van die volk dit self nie eers nagekom nie. In Jerusalem was daar nie meer een uit die nageslag van Dawid wat as koning geheers het nie, maar een uit die nageslag van Esau, die breker van die verbond van God. Al die gelowiges verwag die Here, maar niemand sou kon dink dat dit juis in hierdie tyd sou gebeur nie. Dit is 'n tyd waarin die verbondsvolk van die Here in vernedering geleef het. Hulle is vertrap en verdruk onder die Romeine se juk.

Geliefdes, ons bely dat die Seun van God Homself verneder het deurdats Hy die gestalte van 'n mens aangeneem het. Maar sy vernedering het nie eers begin die dag toe Maria met Jesus swanger geword het nie. Sy vernedering begin reeds voor haar swangerskap. Hierdie vernedering sien ons wanneer die Heilige Gees die aankondiging van Johannes die Doper se geboorte en die aankondiging van Jesus se geboorte vir ons naas mekaar beskryf.

Johannes se geboorte word in Jerusalem aangekondig, die stad van God. Dit gebeur nie sommer iewers op straat of in een van die huisies nie. Nee, dit gebeur in die tempel, die huis van God. En Gabriël kondig die geboorte van Johannes aan niemand anders aan as 'n priester van God nie. Sagaria was een van die leiers van die volk van die Here, iemand wat vir die volk by die Here ingetree het. Eenvoudig gestel, die geboorte van Johannes word aan iemand aangekondig wat die vertikale lyn tussen hemel en aarde vorm. 'n Priester is immers 'n betroubare getuie en verkondiger van God se genadewerk. Sagaria kon so 'n betroubare getuie wees van God se genadewerk, maar sy eie ongelooft het hom vir nege maande daarvan weerhou.

Ses maande na die aankondiging van Johannes se geboorte stuur God weer sy heilige engel na die aarde. Hierdie keer nie na Jerusalem toe nie, maar na Nasaret, 'n dorpie in Galilea. Nasaret was deur die Jode verag, want dit was deel van die Samaritane se grondgebied. En die Samaritane was net so veragtelik soos die heidene vir Jode, want hulle was 'n bastervolk. Natanael vra dan jare later vir Filippus, as hy vir Natanael kom sê dat Jesus van Nasaret, die seun van Josef, daar is:

Kan daar uit Nasaret iets goeds kom? (Johannes 1:46 AFR83)

Die aankondiging gebeur in 'n nederige huisie waar Maria woon voordat sy met Josef getroud is. Waarskynlik ook nog maar 'n eenvertrekhuise met net die nodigste meubel-tjies. En die geboorte van Jesus word heel eerste aan 'n maagd gegee, 'n jong ongetroude meisie wat ook seker nie enige opleiding gehad het nie. Vroue en dogters het destyds nie onderrig ontvang soos seuns nie, want dit was nie nodig nie. Vroue het hulle waardigheid immers gekry van die man met wie hulle getroud sou wees en nie as gevolg van geleerdheid nie. Vroue is immers, soos slawe, maar as deel van die man se besittings gereken. Saam met slawe en skaapwagters is vroue dus ook as onbetroubare getuies beskou. Hulle getuie is nie van waarde geag vir 'n hofsak nie. En nou bring die engel Gabriël die eerste aankondiging van die geboorte van die Verlosser van die wêreld, op bevel van God, juis aan 'n vrou, 'n ongetroude meisietjie in Nasaret in Galilea van die heidene.

En Maria, ja, van haar weet ons maar weinig. Daar is sommige wat meen dat sy ook uit die nageslag van Dawid is, maar daarvoor kan ons nie met sekerheid praat nie. Van haar ouers weet ons niks nie. Om die waarheid te sê, gemeet aan die ouers van Elisabet, was Maria eintlik maar 'n onbeduidende figuurtjie, iemand van wie 'n mens nie sommer notisie sou neem nie. Menslik gesproke is daar net twee belangrike dinge aan Maria. Een is die feit dat sy familie was van Elisabet wat uit Aäron se nageslag is. Hoe naby familie hulle van mekaar was weet ons ook nie eers nie. En twee is die feit dat sy verloof was aan Josef wat uit die nageslag van Dawid was. Maar sy sou eers na haar troue aan hierdie waardigheid van haar man kon deel hê.

God se genade aan mense word nie deur die persoon of waardigheid of aansien van die mens in die oë van die gemeenskap bepaal nie. God is vrymagtig wanneer dit kom by sy genade. Hy ontferm Hom oor wie Hy wil. So het die Here dan in sy vrymag hierdie onbeduidende randfiguurtjie in die veragtelike dorpie Nasaret uitgekies om die moeder van Jesus die Christus te wees. 'n Vernederde en verdrukke mensie (die Jode is deur die Romeinse regering verdruk) word deur die almagtige God uitgekies om Hom in die wêreld te bring wat die hele geskiedenis van die wêreld gaan verander. Jesus Christus wat die ter dood verdoemde wêreld van sy slawebande gaan verlos en God die ewige Vader met die mense kom versoen. Die Seun van God se koms na hierdie wêreld is bestem om in volslae nederigheid plaas te vind. Hy stroop Homself inderdaad van al sy heerlikheid wat Hy by God het as Seun van God, nie net omdat Hy 'n mens word nie, maar reeds in die keuse van wie sy ouers sal wees en in die aankondiging van sy geboorte.

Daarom, broers, susters en kinders, is dit nie vreemd dat Maria verbaas was oor die begroeting van Gabriël nie. Sy het haarself immers as een van die geringstes van Israel gesien en hier word aan haar gesê dat sy begenadig is. Dit is woorde wat aan groot manne uit die geskiedenis gesê is, manne soos Noag, Abraham en Moses. Nou word sy, 'n eenvoudige meisie wat nog maar net aan Josef verloof is, begroet as begenadigde. En daar word bygevoeg:

Die Here is met jou. (Lukas 1:28 AFR53)

Sy ontvang genade van God, nie omdat sy moeder van Jesus, God se Seun, sal word nie, maar omdat sy kind van God is, 'n gelowige dogter van die Here. Maar by hierdie genade, as verbondskind van die Here, ontvang sy ook die besondere genade en voorreg om moeder te wees van die Verlosser van die wêreld.

Gabriël verkondig dan verder die kragtige en lewende woord van God:

Jy het genade by God gevind. En kyk, jy sal swanger word en 'n Seun baar, en jy moet Hom Jesus noem. (Lukas 1:30-31 AFR53)

Maria ontvang reeds nog voor haar huwelik die versekering dat sy nie kinderloos sou sterf nie, nie die skande van Elisabet en baie ander onvrugbare vroue hoef te verduur nie. Nog groter is die genade wat God aan hierdie nederige dogter van Hom bewys. Sy sal 'n seun in die wêreld bring. 'n Seun is vir 'n vrou 'n skat van onberekenbare waarde. Met 'n seun verseker die Here voortsetting van die lyn van die verbond, groei van die volk van die Here, voortsetting van die nageslag van Dawid. En dan kry Maria ook nog die voorreg om die Seun se Naam te noem. Dit was gewoonlik die pa se reg om sy seun se naam te gee. Hier word Josef buite rekening gelaat. Maria moet die seun Jesus noem. *Jesus* beteken *die Here verlos*. Later aan Josef verklaar die engel dat Maria se Seun die volk van hulle sondes sal verlos. Jesus is inderdaad die beloofde Verlosser, die Messias.

Hierop volg nog 'n reeks beloftes:

Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; en die Here God sal aan Hom die troon van sy vader Dawid gee, en Hy sal koning wees oor die huis van Jakob tot in ewigheid, en aan sy koninkryk sal daar geen einde wees nie. (Lukas 1:32-33 AFR53)

Hoe Hy Koning gaan word, word nog nie verkondig nie. Die uiterste vernedering van die kruis en doodsmart van haar Seun word vir Maria nog eers gespaar. Net die heerlike beloftes wat God aan Dawid gemaak het, word nou genoem om vervul te word.

Omdat ons weet wat Sagaria se reaksie ses maande gelede was op die blye tyding wat Gabriël toe vir hom gebring het, wag 'n mens in spanning: Wat sal Maria sê? Maria het ook die verbasing van vroeër oorwin, noudat die engel haar verseker het dat God genade aan haar bewys. Maria vra toe:

Hoe kan dit wees aangesien ek geen man het nie? (Lukas 1:34 AFR53)

Plaas 'n mens Maria se vraag naas die vraag van Sagaria, sou 'n mens seker kon oordeel dat Maria se vraag ook nie baie vleierend is nie. Maar laat ons mooi oplet; Maria vra nie 'n teken soos Sagaria nie; sy vra opheldering. Sagaria wou 'n bewys hê dat hy en sy vrou werklik in hulle ouderdom 'n kind sal ontvang. Maria soek egter helderheid oor wat sy kan doen om te laat gebeur wat die Here oor haar aangekondig het. Sy het nie 'n man nie en sy is 'n maagd. Maria se vraag spruit uit haar geloof. Sagaria se vraag het voortgekom uit sy gebrek aan geloof.

Ons dank en loof die Here dat sy Gees vir Maria gelei het om hierdie vraag ter opheldering te vra. Die antwoord wat volg, is immers een van die pilare van ons geloof in die Drie-enige God.

Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu. Daarom sal ook die Heilige wat gebore word, Seun van God genoem word. (Lukas 1:35 AFR53)

Maria, moenie bekommerd wees oor hoe jy swanger sal word nie. Jy hoef niks te doen nie. Miskien was daar reeds by haar die vrees dat sy by die mense as 'n slegte vrou bekend sou wees, soos wat Josef ook aanvanklik gedink het totdat 'n engel Maria se swangerskap aan hom verklaar het. Sy kry egter die versekering dat geen man die biologiese pa van die Seun sal wees nie. God het nie 'n man nodig sodat Maria met Jesus swanger kan word nie. Hy skep lewe en sy Seun het die lewe in Homself. God die Heilige Gees werk die lewe van God in Maria, sodat sy aan 'n mens geboorte kan skenk – 'n mens wat Jesus genoem sal word, heilig genoem sal word, want Hy is nie die Seun van Josef nie maar van God.

En as 'n verdere bemoediging vir Maria voeg Gabriël by:

En kyk, Elisabet, jou bloedverwant, het self ook 'n seun ontvang in haar ouderdom, en hierdie maand is die sesde vir haar wat onvrugbaar genoem is.

(Lukas 1:36 AFR53)

Maria se reaksie op hierdie aankondiging waarvoor die Here haar bestem het, getuig van haar onwrikbare geloof in die almag van haar God.

Hier is die diensmaagd van die Here. Laat dit met my gaan volgens u woord.

(Lukas 1:38 AFR53).

Geliefdes, wat Gabriël aan Maria verkondig, is die kragtige en lewende woord van God. Wat God gesê het, gebeur, want sy woord keer nie onverrigter sake na Hom toe terug nie. Trouens, geen woord van God is ooit kragteloos nie. Dit is die letterlike vertaling van vers 37. God se woord bring tot stand waarvoor Hy dit gestuur het en dit doen wat Hy gedoen wil hê. Daarom kan ons vrymoedig en sonder om te skroom jubelend bely: Christus Jesus ons Here is ontvang van die Heilige Gees en gebore uit die maagd Maria. Ons belydenis hang nie in die lug nie en is nie 'n storie nie. Dit is gegrond op die kragtige en lewende woord van God.

Daar is vandag steeds mense wat dink soos wat Josef aanvanklik geredeneer het. Ja, daar is mense wat Maria se swangerskap met Jesus sien as die resultaat van 'n buite-egtelike verhouding. Die Heilige Gees getuig egter: Geen woord van God is ooit kragteloos nie. Dit is vir seker die saak wat deur gelowiges die meeste misken word en wat juis vir die geloof die mees versterkende is – God se almag soos dit deur sy Woord werklikheid word.

Hoe het God immers die wêreld geskep? Deur sy woord. Hy het net gespreek en dit was daar! Het daar ooit een van God se woorde wat Hy in sy verbond met mense gepraat het, sommer net in die niet verdwyn of net deur die eeue weergalm soos 'n eggo sonder dat iets gebeur het? Wat het met God se woord gebeur wat Hy tot Sara en Josef en Moses en Israel gespreek het? Elke keer het sy woord uitgerig waarvoor Hy dit uitgestuur het. Het enige mag in die skepping of in die mensewêreld ooit die vervulling van God se woord gekeer? Nee, nooit nie! Selfs die blinde kragte van die natuur self moet God gehoorsaam. Die wondergeboorte van Jesus kan ons met ons hele wese as die volle waarheid aanvaar en met ons hele hart glo en bely, want dit het gebeur op God se kragtige en lewewekkende woord.

Net soos die ongelowiges hierdie pilaar van ons geloof aanval en met hulle vuiste daarteen hamer, rep hulle ook lasterlike woorde teen die ander pilare van ons geloof in Jesus Christus. Daar is mense wat beweer dat dit ongehoord is dat die God van liefde sy enigste Seun so wreed ter wille van mense se sondes sou laat sterf het. Met hierdie woorde hamer hulle teen die kruis van Christus. Die opstanding van Jesus uit die dood word afgemaak as 'n storiëttjie wat die dissipels opgemaak het.

Geliefdes, laat die ongehoorsames maar voortgaan met hulle geskreeu. Nie een van hierdie pilare van ons geloof kan wankel nie, want elkeen van hulle is gegrond op die kragtige en lewewekkende woord van God. As Hy so sê, het dit gebeur, want sy woord laat gebeur wat Hy gedoen wil hê. Maar as ons een van hierdie pilare in ons eie gemoed laat val en dit as onwaar wil bestempel, sal Kersfees ook maar net 'n leë plesierigheid wees. Al wat dan nog weergalm, is die eentonige liedjies van die winkelsentrums. Al wat oorbly, is die leë houers van duur geskenke wat geen ware vreugde en blydschap kan verseker nie. God se woord weergalm nie maar net deur die eeue en sterf weg soos 'n eggo tussen die kranse nie. Sy woord is kragtig en lewewekend. Ek en jy as gelowige kinders van God is bewys daarvan. In die ewigheid het God oor my en jou 'n woord gespreek – Hy het ons uitverkies – en op sy bestemde tyd het die Heilige Gees hierdie woord van God waar gemaak deur ons tot geloof in Jesus Christus te bring. Mag ons geloof in die Here ons almagtige God net so onwankelbaar word soos wat sy woord is.

Amen!

Gebed

Formulier vir die bevestiging van ouderlinge

Psalm 134:4 (p. 653)

- 4 Laat, HEER, u seën op hul daal, / u guns uit Sion hul bestraal!
U wat beveel en – dit geskied, / wil, HEER, u seen oor hul gebied!

Skrifberyming 12-2:1, 2, 3 (27:1, 2, 3)

- 1 Ek geloof in God die Vader / wat almagtig, wys en trou,
Skepper is van alle dinge / en dit nog in wese hou.
Ek geloof in Jesus Christus, / wat ons in aanbidding eer:
Eengeboorne van die Vader, / in sy hoogheid onse Heer.
- 2 Hy wat deur die Gees ontvang is / – die geheimenis is groot! –
en gebore is uit Maria, / uit die maagdelike skoot.
Wat gely het toe Pilatus / onregsvonnis het gevel –
kruis en doodsmart ondergaan het, / al die angste van die hel.
- 3 Wat die derde dag verrys het, / daar die dood Hom nie kon hou;
na die hemel opgevaar het / deur die diep, onpeilb're blou.
Wat nou sit, met eer en sterkte / aan Gods regterhand omgeef,
tot Hy weerkom as die regter / van wat dood is en wat leef.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
23 Desember 2012